

Dinsdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 7:21-25; Filippense 1:20-26;

HK Sondag 16, Vraag 42

Fokusgedeelte: Romeine 7:24

Waarom moet ons ook nog sterwe?

In die lig van die voorgaande is die vraag onafwendbaar: Waarom moet ons ook nog sterwe as Christus reeds in ons plek gesterf het? Wat beteken Christus se sterwe dan werklik vir ons?

Om die betekenis van Christus se dood vir ons te kan verstaan, moet ons tussen Christus se dood en ons dood onderskei. Vir Hom was die dood 'n *moet*: 'n eis van God se geregtigheid en waarheid. Ons sterwe is nie 'n moet nie, anders sou 'n mens die heengaan van Henog en Elia sonder om te sterwe, nie kon verstaan nie. By die wederkoms van Christus sal daar ook gelowiges wees wat nie sal sterf nie (1 Kor. 15:51; 1 Tess. 4:15). Ons dood is nie 'n moet nie, maar 'n *mag* – ons mag sterwe. Dan moet ons egter besef dat ons dood geen waarde of betekenis het om vir enige sonde van onself of iemand anders te betaal nie (Mark. 8:37; Ps. 49:8-10). Tog het ons dood deur die versoeningslyding en –sterwe van Christus nuwe betekenis gekry.

Die dood is eerstens 'n afsterwing van die sonde. Die sonde is die swaarste las wat ons gedurig met ons moet saamdra. Ons kom daarvan nie los so lank as wat ons lewe nie. Daarom het Paulus ook byna in wanhoop uitgeroep: “*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*” (Rom. 7:24). Nou word ons egter geleer dat ons by ons dood, om Christus ontwil, volkome van ons sonde bevry word (1 Kor. 15:50). Daarom kan Paulus op bogenoemde uitroep antwoord: “*Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.*” Christus het ons in beginsel nou al van ons sonde bevry, maar by ons dood word ons volkome daarvan bevry. My dood is ook die dood van my doodsnyand: my sonde.

Die dood is tweedens 'n deurgang na die ewige lewe. Sonder Christus sou ons dood 'n voorspel tot die ewige dood gewees het. Om Christus ontwil moet die dood egter nou vir ons deurgang na die ewige lewe verleen. Die dood is nou die dienskneg wat die deur na die ewige geluk en vreugde vir ons moet oopmaak. Daarom is die dood vir die gelowige nie die einde nie, maar 'n nuwe begin – 'n begin van 'n lewe in ewige duurte waar die dood nie meer sal wees nie (Op. 21:4). Daarom kan Paulus sê dat die lewe vir hom Christus is en die sterwe 'n wins (Fil. 1:21). In aansluiting daarby sê hy dan van sy eie dood: “*Ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste*” (Fil. 1:23). Dit is ook ons troos.